# HOOFSTUK V.

## DIE DOEL VAN DIE OPVOEDING VOLGENS ADAMSON.

Die doel van die opvoeding staan soos 'n helder verligte vuurtoring in die opvoedingstelsel uit. Dis die kern waarop alle vrae omtrent die opvoedingsbeskouing afstuur. Die flitslig van navorsing wil die siel of doel van die opvoedingsteorie belig, betas en in hande neem. Steeds maar bly die vraag: Waartoe voed ons die kind op? Soek ons die antwoord in die absoluut volmaakte of stel die bloot menslike ons tevrede? Dit is die vraag wat die merktekens van die eeue dra.

As gevolg van die sentrale plek wat die doel van die onderwys in ons opvoedingsbeskouing inneem, is dit dan ook duidelik dat daarvoor 'n hegte fundament of grondslag gevind moet word. Daarom word ons einddoel dan ook oorheers deur ons lewens- en wêreldbeskouing, ons opvatting oor die doel en lewe van die mens, omdat ons godsdienstige en/of wysgerige beskouing die doel en plek van die mens in die heelal bepaal. So sal dan die doel wat ons aanvaar die hele opvoedingswerksaamheid kleur, deursuur en bestem.

Terwyl ons egter steeds die einddoel as rigsnoer in ons strewe sal erken, is dit duidelik dat daar ook tussenstasies op die weg van uitgangspunt na doelpunt aangetref sal word. Dis nodig dat ons in ons opvoeding hiermee rekening sal hou. Waar die einddoel onveranderbaar vas staan daar is die nabysynde of verwyderde doelstellings veranderbaar volgens die eise van die sentrale doelstelling.

Benewens die einddoel veronderstel Adamson 'n biologiese en 'n sosiologiese nabysynde doelstelling, sowel as 'n etiese en wysgerige verwyderde doelstelling in sy opvoedings-sisteem.

(a) Die Biologiese Doelstelling.

Die mens as lewende wese het uiterlike en innerlike versorging nodig. Na die uiterlike lewe is versorging, op-

passing en verskoning nodig, terwyl die innerlike lewe sorgvuldige aanpassing aan die omgewing verg. Derhalwe sal die opvoeding volgens biologiese grondslag belangstel in die mens as lewende wese, sy ontstaan, wording en dood, die oorerwing, die wesensverskil tussen mens en dier, die aanpassing en opvoedbaarheid van die mens en die mens as gedragende, handelende wese.

Adamson se opvoeding van die mens beoog dan in hierdie opsig, dat die mens deur die natuur te ondersoek, daarby sal aanpas. Dit vereis 'n tweeledige reaksie waarin die mens tot die omgewing aangepas moet raak, maar waar die natuur ook gedwing word om onder die wil van die mens te buig.

Formele aanvangsonderwys sal dus sy uitgangspunt in die vir die kind bekende en lewende natuur vind. Hier moet die kind soveel moontlik met die praktiese natuurgegewens werk. Die plante- en dierelewe van sy bekende omgewing word sy eerste ondersoekingsveld, waar die wisselende lewenskrag en groei-prosesse sy aandag sal geniet. Hierdie vereistes verg ook 'n kennismaking met die vernaamste elementêre anatomiese en fisiologiese kenmerke van die hoër plantelewe, sodat die verhouding tussen grond, klimaat en plantegroei 'n verstaanbare begrip word. Om aanpassing verder beter te bevorder sal 'n algemene kennis van stofwisseling in die plante- en dierelewe nodig en nuttig wees, en omdat die eksakte wetenskappe slegs die lewenlose materie beklemtoon, behoort die kind vanuit 'n biologiese standpunt te besef dat die hoër lewensvorme slegs eers in die organiese tot 'n hoogtepunt kom. Biologiese lewensbeginsels bring ons in voeling met die lewe self, en terwyl aanpassing tot die lewe as geheel vereis word, moet die verhoudingsgedagte tussen die lewende en die lewenslose nie uit die oog verloor word

nie. Derhalwe verlang Adamson 'n opvoeding wat die kind nie bywoner nie, maar eienaar in die ryk van die natuur sal maak. Hy begin dus met praktiese lessies uit die bekende natuuromgewing. Hy onderwerp die leerstof aan die eise van werklikheid, redelike nuutheid, menslike bruikbaarheid, sielkundige samehang en die studie van tipes in sy geheel en van indiwidueele gevalle, deur middel van konkrete waarneming, verbeelding en assosiasie. Hier word daar empiries en eksperimenteel gewerk, sodat die kind kan klassifiseer en bespreek, i.p.v. definieer en analiseer. Verder sal die kind se kennis omtrent die natuur deur handwerk, rekene en lees op so 'n wyse aangevul word dat hy deur verbeelding en spekulasie 'n liefde tot die natuur sal ontwikkel. "The environment must grow on to personality."[1)]

Op hierdie stadium kom aardrykskunde aan die beurt. Hy moet nou uitvind en besef dat die aarde die woonplek van die mens is. Hierdie vak moet die uitsig breër maak, want enersyds belig dit die natuur en die wetenskappe, terwyl dit andersyds 'n kykie verleen op die geskiedenis en die beskawing. Maar ook hier moet die kind die werklike waarneem. "The key to the code can only be forged by perceptual experience"[2)]

Die kaart sal dus benader word deur die dinge waarmee die kind reeds vertroud is. Op 'n groot selfgetekende kaart sal die kind bv. meet, rekords van die waargenome aanbring, ens., sodat hy geleidelik deur 'n kennis van landkaarte, tekens deur waarneming en voorstelling, sal kan interpreteer, deur vergelyking sal kan beskryf en klassifiseer, en direkte politieke en natuurlike afleidings uit streek-aardrykskunde sal kan maak.

Sodra hierdie stappe voltooi is, rig hy die oog op

---

1) The Individual and the Environment, J.E. Adamson, bls.70.
2) Ibid., bls. 79.

ekonomiese aardrykskunde om die lewensaktiwiteite van die mens te verstaan en te verklaar.

Deur natuurkundige aardrykskunde, waar hy veral in die natuur self en nie in die laboratorium werk nie, vind hy kontak met die verskynsels van die aarde, see en lug, om also in die voorportaal van die natuurwetenskappe te kom, waar die rede reeds aan die stuurwiel raak.

Op die stadium van die natuurwetenskappe verminder die objektiewe dwang van natuurstudie vir 'n subjektiewe werksaamheid van die gees. Die self tree op die voorgrond met die rede as sy wapen. Hoewel nog uiters onhandig en onbeholpe, is hy nie meer 'n blote bewonderaar nie, maar 'n dader waar hy reeds subjektiewe dwang uitoefen. "The dynamic centre is within the subjective element of experience.[3]"

Die sleutel wat hierdie toegang verleen, het die kind self gemaak deur waarneming, verbeelding en intelligensie, en dit met sorg en geduld, gepaard met 'n gloed van entoesiasme, afgewerk. Dis aanpassing hierdie, want sodra ons die samehang van dinge begin insien, het ons die stadium van wetenskaplike aanpassing bereik.

"It is no exaggeration to describe this stage as a mental revolution."[4]

Hier moet daar egter gewaak word dat die laboratorium nie 'n doel op sigself word nie. Dis nie 'n nastrewing van feitekennis nie, maar wel een van waardes, om die heelal as 'n eenheid te openbaar. Die kind moet gelei word om die fisiese meganisme, die werking en ewolusionistiese prosesse van die heelal te begryp, want ons doel is aanpassing ~~tot~~ aan die werklike wêreld: die wêreld van die mens en sy dade, en deur aan biologie 'n plek in die leerplan te gee -"...it

---

3) Ibid., bls. 99.
4) Ibid., bls. 102.

lights up being and reality..... it lights up ways of knowing also."[5]

Die organiese sal sy aan sy met die anorganiese wetenskappe marseer, want "the area of scientific adjustment depends on the dynamic power of the ego from which it radiates"[6] Die natuur bestaan dan nie slegs uit die lewenlose nie maar ook uit die lewende dinge. Die vorm of indiwidualiteit daarvan hang af van die krag van die subjektiewe ervaring wat nie slegs 'n kennende nie, maar ook 'n estetiese en 'n willende ek vertoon. "The contribution of the subject is cognitive in finding beauty in it, and conative......in selecting for organization and appreciation those aspects which interest it!"[7]

Waar die mens dan biologies tot die natuur ingeskakel is, vloei Adamson se drie wêrelde baie nou saam in sy aanpassingsgedagte, want kennis lei tot aanvoeling en uitkiesing wat die mens se houding teenoor die bestaande bepaal.

(b) Die Sosiologiese Doelstelling.

Die mens is 'n sosiale wese wat vir sy bestaan afhanklik is van sy medemens. Hy moet egter leer om hom aan sy sosiale omgewing aan te pas, derhalwe is sosiale vorming en ontwikkeling noodsaaklik, d.w.s. in sy wording en ryping is geleidelike inlewing in die sosiale orde nodig. Dit moet vir hom duidelik wees dat sosialiteit selfstandigheid, sowel as vrywillige en oortuigde naastediens, beteken. Hierdie sosiale bruikbaarheid bestaan uit sosiale omgang met andere, deeglike lewensvoorbeeld, onopsetlike en opsetlike sosiale voorligting, sowel as sosiale onderrig en vorming.

En so is die opvoeder dan 'n geroepene om te sorg vir die gesonde sosiale groei en ontwikkeling van die kind.

Die sosiologiese leiding en vorming van die opvoedeling bring ons dan by Adamson se tweede nabysynde opvoedingsdoel,

5) Ibid., bls. 132.
6) Ibid., bls. 143.
7) Ibid., bls. 149.

naamlik, aanpassing aan die beskawings of kultuurorde.

Nadat die opvoedeling deur praktiese werksaamheid die objektiewe natuur leer ken het, wag daar vir hom 'n aanpassing ~~tot~~ aan 'n kultuurorde, wat, hoewel tog andersoortig objektief as die natuurorde, eintlik sy bestaan as 'n geestelike wêreld aan die mens deur die ervaring openbaar. Hierdie wêreld is nie, slegs plasties van aard nie, maar dit beskik ook oor die vermoë om kultuurgoedere op te gaar, en in hierdie opsig toon dit sowel ooreenkoms as verskil met die natuurorde. In hierdie orde sal die medium van bemiddeling nie die ruimte van die natuurorde wees nie, maar wel die gesproke woord en die geskrewe taal.

Om aanpassing aan die kultuurorde te laat plaasvind maak Adamson gebruik van:

1. Geskiedenis, waarmee hy intelligente en aktiewe burgerskap beoog volgens die eise van politieke, nasionale en godsdienstige bande.
2. Ekonomie wat volgens hom eintlik die lewensbloed van die gemeenskap is.
3. Vakkundige opleiding deur sekere voorbereidende skole, wat die meer ekonomies praktiese sal benadruk.
4. Taal en letterkunde as die medium van interpretasie.

Om tot [aan] die kultuurorde aangepas te raak, moet die mens dit vir homself ontdek. Wet en orde in die natuur het vir hom 'n verband, 'n geestesliefde tussen stof en gees laat ontstaan. 'n Kenner en 'n gekende openbaar 'n wederkerige saamvoeling en verwantskap in die gedagte van dr. Ward: "This addition of a transparent and responsive world of minds to the dead opaqueness of external things."[8] Hierdie wêreld vind sy ontstaan deur die wisselwerking van instinkte, emosies en sentimente en die dade en gedrag van mense wat deur hierdie impulsiewe magte tot uiting kom, d.w.s., die bestaan van die

---

8) Psychological Principles, bls. 286.

kultuurwêreld kan nie, soos die natuurorde, sonder meer as 'n feit aanvaar word nie; ons moet dit eers saamstel. Die raamwerk daarvan word deur sy politieke organisasie voorgestel en Adamson gee voorkeur aan 'n demokratiese staatsvorm, waar nasionaliteit,behoorlik gelei, die mensdom tot 'n broederlike eenheid kan versoen. In hierdie gemeenskap speel godsdiens 'n vername rol, omdat dit as menslike sentiment sterk genoeg is om nasionale en politieke bande te verbreek. Adamson is reg as hy beweer dat niks meer tot die verspreiding van die opvoeding en kennis bygedra het as juis die godsdiens nie. Verder is ekonomie die lewensbloed van hierdie gemeenskap. Hoe die gebonde man sy vryheid t.o.v. dwangdiens in landbou, industrie en handel ontwikkel het, is 'n verhaal wat van oorwinning,stryd en opoffering kan getuig. Saamgevat sien Adamson die kultuurorde so: "If we picture society as an organism, its political unity may be said to correspond to the skeleton,its economic life to the blood, its rational and religicus spirit to consciousness and soul."[9)]

Aanpassing aan hierdie wêreld is standvastig, getrou en aanhoudend. Dis die kern van die familie en die skool, van die jeug en die ouderdom. Die wedersydse wisselwerking tussen mens en gemeenskap vorm en hervorm hierdie orde gedurig en telkens maar wissel die beïnvloeding van subjek na objek en omgekeerd. Daar is geen einde aan die leerproses nie en opvoeding duur lewenslank. Hier is alles in gedurige wording en die skool word deur alles, wat in die wêreld is, bygestaan. Almal en alles help mee om aanpassing te vervolmaak. "They are the representatives and agents for the civilisation of the political, economic, aesthetic and religious forces and aspirations.....All the world's a school and all the men and women contributary scholars."[10)]

9) The Individual and the Environment,J.E.Adamson, bls.195.
10) Ibid., bls. 220.

Om 'n formele bydrae in aanpassing tot hierdie orde te maak, gebruik die skool geskiedenis....."to project the social world and then to bring it home"[11] op so 'n wyse dat die besondere van ons ervaring altoos afgespieël word teen die totale betekenis van ons opvattings. Die prys van vooruitgang en beskawing is hoog. Die dood en verwoesting, waardeur vooruitgang groei, word egter vergoed deur die wins wat ewolusie steeds meebring. In die wording van vryheid is dit die taak van die skool om ware politieke demokrasie na te streef, ware diensgewende ekonomiese organisasie te bemiddel, en eerbare wedywering op nasionale en internasionale gebied in die hand te werk. Die einddoel is hier 'n gelukkige gemeenskap, waar die regte en pligte van burgerskap, nl. ekonomiese selfstandigheid, nasionale verpligtings en ware menslikheid, op die voorgrond tree. "Our task is to find what we own and what we owe"[12]. Die skool, as 'n gemeenskap in die klein, is verantwoordelik vir die skepping van 'n gesonde sosiale perspektief, sodat sy produkte die goeie sal ken,die onsuiwere sal uitskakel en verwerp deur 'n navorsingslus in belang van die algemene welsyn. Egoïsme moet omgeskep word in altruïsme en naastediens.

En waar Adamson dit oor beroepsopleiding het, waarsku hy teen 'n eng, ekonomies persoonlike doel. "Our vocation is to live, and to live means, subjectively to have full play of all our powers, and objectively, to have free access to all that we need to enable our powers to function."[13]

Die lewe as roeping beteken egter eerbied vir die sedelike vereistes en regte van ons naaste. Positief stel ons dus aan die opvoeding die vereiste van ekonomiese selfstandigheid, roepingsgeskiktheid en sosiale bydrae tot ons gemeenskap.

---

11) Ibid ., bls.222.
12) Ibid ., bls.235.
13) Ibid ., bls.247.

Hiervoor is 'n wye ontginningsveld nodig, sodat die bron van ons vermoë so sal ontwikkel, dat dit die lewe van die hele mens sal verryk en terselfdertyd ekonomiese en sosiale geskiktheid sal erlang. "The essential thing is to keep the unity of life in focus."[14]

Wat ookal die aard van die opvoedingsinrigting is, sal dit slegs in sy taak slaag, as dit sy leerlinge in die wêreld instuur met die lus, vermoë en wil tot selfstudie, al sou daar nie georganiseerde voorsiening daarvoor bestaan nie. Dit word dus 'n vereiste dat die lewe wat aanhoudende en progressiewe aanpassing nastreef, sy grondslag in die skool moet vind. Deur taal en letterkunde ontstaan 'n medium waardeur ons die beskawing kan leer ken. Die natuurwetenskappe verklaar die natuurwêreld, terwyl staatsvorm, nasionaliteit, godsdiens en ekonomie, die sosiale gemeenskap tot stand bring.

Ons beroep is om te lewe - en eng vakkundige vernuf hou nie rekening met die volle lewenseise nie,derhalwe is die opgevoede mens vir Adamson iemand wat deur aanpassing geleer het om 'n laere biologiese self te vervang met 'n hoëre sosiale- en waarde-self. Aanpassing tot die kultuur word also 'n tweede nabysynde opvoedingsdoel. In die leiding, vorming en ontwikkeling van die mens moet ons daarvoor sorg dat ons produkte nie slegs ekonomiese mansien-perfeksie ondergaan nie, maar ook 'n mens tussen mense is, wat die geluk wat sosiale diensbaarheid meebring, hoogag. Die sosiale vorming van die mens is dus 'n opdrag aan die opvoeding waarmee ons rekening moet hou. In sy wese is die mens sosiaal en diensbaar van aard, en dis 'n heel natuurlike eis dat hierdie kenmerk deur die opvoeding ontwikkel moet word. Adamson sien hier raak.

---

14) The Individual and the Environment,J.E.Adamson, bls.299.

(c) Die Etiese Doelstelling.

Die mens is deur die vermoë van 'n intellek ook 'n kenner van goed en kwaad. Hy is 'n sedelike wese, wat moet leer om slegs die goeie te ken en te doen. Deur die opvoeding moet hy gelei word tot 'n kennis en liefde van die goeie, want sedelikheid is een van die belangrikste verwyderde doelstellings van die opvoeding. God is goed en Hy roep die mens tot goedheid. Sy sedelike vorming, wat ook karaktervorming is, verg liefde tot die medemens, selfstandigheid, eerbied teenoor ouers en owerhede, vyandskap teenoor onkuisheid deur woord en daad, arbeidsaamheid tot selfonderhoud en 'n liefde tot die waarheid.

Deur die omgang met deugvolle mense, deur hul voorbeeld, onderwysing, vermaning, opvoeding en deur eie inspanning, word die kind geoefen, gevorm en ontwikkel tot 'n sedelike deugvolle lewe.

Vir Adamson is dit "the supreme task of education to raise the intensity of moral adjustment sothat it becomes the illumination which floods and pervades the whole of life".[15)]

Die sedelike orde is 'n kontinue soos die natuur- en kultuurordes, omdat elke gedagte of daad van ons bewuste bestaan direkte of indirekte sedelike invloed uitoefen. As gevolg van die positiewe of negatiewe sedelike kwaliteit van ons bewuste bestaan, is dit ook duidelik dat ons eweseer in 'n sedelike, as in 'n natuurlike en kulturele wêreld leef. Hierdie sedelike orde verskil egter van die vorige twee in 'n belangrike opsig: "it exists for each individual so far as he creates it constantly by free volition."[16)] Dit is dus 'n orde wat deur elke mens deur eie, vrywillige keuse gedurig

---

15) Ibid., bls.299.
16) Ibid., bls. 314.

in stand gehou of verwerp word deur die skepping of optrede. Waar die mens dan 'n vrywillige sedelike bestaan nastreef, het sy redelike, sosiale en ideale self reeds in werking getree.

Deur middel van watter faktore sal die opvoeding nou daartoe bydra om die sedelike in die ervaring van die opvoedeling uit te bou? Daar is veral drie, naamlik:

1. Omgewingsfaktore soos wat bv. deur die organisasie en tradisie van 'n goeie skool uitgestraal word.
2. Direkte sedelike voorligting.
3. Indirekte sedelike voorligting.

Benewens hierdie faktore behoort ons ook 'n invloed toe te ken aan oorerwing. Waar die resultate van die opvoeding nie direk oorgeërf kan word nie, is dit tog waar dat die opgegaarde kultuurskatte, van die verlede die gedrag en handeling van die huidige en die toekomstige geslagte sterk beïnvloed en elke opvoedingsinrigting behoort 'n vergaderplek van hierdie kultuurskatte te wees, sodat lewensvoorbeelde outomaties op die onrype opvoedeling kan inwerk.

1. <u>Die skool as 'n sedelike omgewing</u>.

Om die skepping van die sedelike orde in die bewuste lewe van die kind moontlik te maak, sal die skool, as 'n sedelike omgewing, soos dit in sy organisasie en tradisie voortleef, een van die belangrikste faktore in die opvoedingswerksaamheid wees. As ons onder karakter, die sedelike orde, wat deur die mens skyn, verstaan, dan is die taak hier karakterskepping. Die sedelik kontinue spin sy weefsel deur die ken-, gevoels- en wilslewe van die mens. In die leerproses moet die kind van empiriese na redelike kennis gelei word. As die skool nou deur organisasie en tradisie sorgdra dat sy sedelike atmosfeer die lewende wetmatigheid en beheerde kenmerke van die natuur openbaar, sal die opvoedeling deur aktiewe

inneming van die sedelike omgewing sy morele groei aanwakker. Op 'n soortgelyke wyse is 'n kind se gevoel, sy instinkte, emosies, sentimente en ideale swak ontwikkel as sy skoollewe 'n aanvang neem. Deur die inwerking van 'n sedelike atmosfeer, versmelt instinktiewe neigings gaandeweg met sentimentele ambisies, sodat 'n liefde tot die onderwyser, die eie klas en selfs die skoolgebou, tot stand kom. Die aard van hierdie neiging by die skolier is aan elke opvoeder bekend, waar die skool se kleurbaadjie en die sportspan 'n vername plek inneem.

Die swak ontwikkelde wil word eers gelei deur gewoonte werksaamhede van reëls en voorskrifte. Die skool wat 'n gesonde sedelike, administratiewe atmosfeer openbaar, sal egter heel gou die kind se doen en late met die ligstraal van doelstrewing verlig. En so groei die werksaamheid van wilsvorming aan deur gewoonte, tot uiteindelike kragdadigheid waar én skool én leerling as skeppers van die sedelik kontinue te voorskyn tree.

Die hooftaak van 'n skool is, om deur werksaamheid en waardehandhawing, 'n gesonde, sedelik-religieus kontinue te bewerkstellig. As eksamen-uitslae en skoolwerk bv. 'n agteruitgang openbaar, kan flinke optrede spoedige resultate lewer; dog waar die toon en gees in 'n skool in duie val, behoort dit ons slaaplose nagte te besorg, "because we should know that the very fibre and tissue of the whole was deteriorating."[17) ] Die hoogste taak van 'n skool is dus die handhawing van 'n hoë sedelike ideaal. Suggestie, simpatie en voorbeeld is hiervan beproefde hoekstene in die hande van 'n bekwame boumeester.

2. Direkte sedelike voorligting.

Daar bestaan meningsverskil oor hierdie saak. Sommige beskou dit as 'n heilige terrein en daarom is daar huiwering

17) Ibid., bls. 340.

om met die indiwiduele outonomie te peuter. Aan die anderkant is die voorligter soms self die struikelblok omdat hy nie oor 'n volkome sedelike standaard beskik nie en in die laaste geval bestaan daar verder ook nog 'n gegronde vrees vir die vernuf van die nageaapte vernis.

Tog voel Adamson dat dit die taak van die voorligter is om saam met sy leerlinge direk in te skakel tot die sedelike ideaal; deur sy werkwyse moet die sedelike orde in ons ingroei. As verhale, Bybellesse, geskiedkundige verhale en lewenssketse so gebruik word dat die instinkte en nabootsing die gevoel en die wil in 'n gesonde sedelike rigting stuur, is direkte voorligting wenslik en selfs 'n vereiste. Die vakke, wat die natuur en die kultuur bevorder, sowel as kuns, kan dan almal saam dien as 'n stimulus tot die wording van die sedelike kontinue in die ervaring van die individu.

3. Indirekte sedelike voorligting deur middel van die skool-aktiwiteite.

In die proses van selfvinding in die sedelike wording, bied die skool 'n gulde geleentheid. Die jong kind sal in die handhawing van reëls en wette ondersteuning vir sy sedelike gedrag vind. Byvoorbeeld, reinheid van die liggaam, werkmateriaal, gebou en skoolgronde is reeds die voorspel tot geestelik-sedelike kuisheid "we shall not make a mistake if we insist, first and last, that a school shall be a clean and a vigorous community".[18]

In gesonde ontspanning, deur middel van skoolsport, swem, gimnastiek, sang en musiek, het ons beproefde boustene van sedelike argitektuur. Deur skoonheid word die gevoel versterk en die goedgevormde sosiale self staan reeds in die voorportaal van die ideale sedelike orde. "In the presence of beauty the tendency is to be communicative".[19]

---

18) Ibid., bls. 359.
19) Ibid., bls. 360.

Deur sorg te dra dat daar skoonheid in die werk en omgewing van die skool bestaan, word hierdie drang tot gemeenskaplikheid te voorskyn geroep. "Beauty is ultimately order, symmetry and rhythm, and there is nothing so small or insignificant as not to be contributary to or destructive of these qualities."[20)]

Ten slotte is die onderwyser ook 'n besonder belangrike element in die omgewing. Dit is sy taak om by sy leerlinge 'n liefde te kweek vir objektiewe waarheid en waarde. As hy daarby oor 'n edel karakter beskik, sal dit 'n groot voordeel wees as hy saam met sy leerlinge as 'n strewer op die sedelike baan voortbeweeg.

(d) Die Wysgerige Doelstelling.

Die mens is van nature 'n denker, 'n wysgeer. Hy spekuleer oor die raaisels van die lewe, die wondere van die skepping en die almag van die Skepper. Gedurig soek hy na die oorsprong, wese en bestemming van die mens en die dinge in die natuur.

Sintuiglike waarneming verklaar hierdie dinge nie en derhalwe moet elke mens gelei word om dieper in die skepping in te dring, sodat hy tot die Krag en kragte kan deurdring wat agter die uitwendige kennis van sintuiglike waarneming sit. Die filosofiese mens is iemand wat die lewensvraagstukke ondersoek, leer ken en deurdenk. Deur die omgang met filosofies gevormde mense, deur hul voorbeeld, voorligting, onderrigting en vorming, word die opvoedeling geoefen, gevorm en ontwikkel tot 'n filosofiese mens.

Adamson, die opvoedkundige wysgeer, verlang dan, op hierdie stadium, na aanleiding van sy reeds genoemde beginsels, 'n filosofies gevormde mens.

Waar hy die heelal veral sien as 'n sigbare vorm, 'n

---

20) Ibid., bls. 361.

beskawingstoestand en 'n sedelike bestaan, daar sien hy die mens as selfstandig, sosiaal behoewend en oorspronklik, hoewel sterk beïnvloed deur sy omgewing en uniek in sy aanvoeling of aanpassing. Die mens kan tot elk van hierdie afsonderlike sfere deur middel van vakke, omgewing, voorbeeld, voorligting en eie poging, aangepas raak. Hierdie aangepaste mens is dan volgens Adamson 'n opgevoede mens. Terselfdertyd word ons egter nog weer daaraan herinner dat aanpassing voortdurend dwarsdeur die lewe aanhou en dat daar derhalwe geen finaliteit in die opvoedende werksaamheid is nie, solank as ons bewustelik en intelligent voortleef. Die goedheid of edelheid wat daar in die mens is, moet vir Adamson deur aanpassing 'n werklikheid in die opgevoede mens gemaak word, en sy metode is takties, waar hy die mens daartoe wil lei, omdat hy geleidelike ontwikkeling verkondig wat op persoonlike ervaring berus.

In die natuurwêreld, waar sy opvoeding 'n aanvang neem, sorg hy deur middel van natuurkennis, aardrykskunde, streekaardrykskunde en wetenskap vir ervaringsuitbreiding en daarna vir die verdieping daarvan. In hierdie proses van aktiewe appresiasie en passiewe assimilasie, word daarvoor gesorg dat die raamwerk van die geheel nooit uit die oog verloor word nie. Deur vak-studie lei hy die opvoedeling van 'n oppervlakkige eenheid na 'n redelike geheel.

In die kultuurorde word die aanpassingsproses voortgesit. Kulturele beïnvloeding deur die gemeenskap is gedurig en sonder verposing aan die gang. Deur vakke soos geskiedenis, taal en letterkunde, ekonomie, godsdiens en spesiale vakopleiding, moet die kind deur die skool 'n kulturele mens gemaak word, dog, omdat dit nie 'n déél van die self is nie, maar wel die hele self wat aangepas moet word, verlang Adamson

ook 'n sedelik gevormde mens. Deur die skeppende vermoë in die mens moet hy ook leer om 'n sedelike bestaan te voer. Etiese standaarde, wet, geluk en die ideaal van volmaaktheid, moet dan verder bydra tot sy sedelike vorming. Hierdie mens moet dan uiteindelik aangepas wees tot die hele werklikheid. Hierdie werklikheid is vir Adamson "The whole of reality which is God."[21]

(e) <u>Die Einddoel van die Opvoeding</u>.

Adamson se mens openbaar 'n eie aard, 'n eie dinamiek, en 'n eie waarde-skattingsvermoë met 'n liefde tot die skone. Sy wêreld word afgespieël as dinamiese natuur en beskawing, met 'n sedelike orde wat die mens deur sy wil aktief en vrywillig moet verower of skep om besitter daarvan te word. Sy finale of einddoel in die opvoeding is dan die daarstelling van 'n volmaak aangepaste mens ~~tot~~ aan hierdie drieledige wêreldeenheid. Dis waarheen die opvoeding die mens moet lei, vorm en bring. Die vernaamste doel van die menslike lewe is dus 'n volmaak aangepaste indiwidu ~~tot~~ aan sy drie ordes.

Dr. Adamson glo in die ewolusie, in die gedurige wording van die wêreld. Waar hy aanpassing aan "the whole of reality which is God" wil bewerkstellig, kan hy hierdie werklikheid nie as 'n skeppingsdaad van God sien nie, maar hierdie hele werklikheid is egter vir hom ~~van~~ God. Die hele werklikheid het deur ewolusie, selfs skeppende ewolusie, geword,en nou na die wording is dit ook God. Daar moet dus vir hom geen tweespalt tussen ewolusie en God bestaan nie. Sy godheid is 'n krag wat teleologie aan stof verskaf het. Sy opgevoede mens moet in hierdie finale raamwerk pas.

<u>KRITIESE BESKOUING.</u>

Dat die mens as lewende wese sy plek in die natuur moet

---

21) Ibid., bls. 371.

inruim is gewens. Die dinge en diere in die wêreld is deur die Skepper onder die jurisdiksie van die mens geplaas, en hoewel dit tot ons beskikking gestel is, moet ons daarvan nie aflei dat ons 'n vrye hand gelaat is om te vernietig nie. In hierdie opsig is elkeen die beskermer sowel as die gebruiker van die skatte van die natuur. Ons moet dus met Adamson saamstem dat die kind, terwille van sy eie selfbehoud, geleer moet word om sy aktiwiteite so uit te voer dat hy nie slegs negatief te werk gaan en vernietig nie, maar ook 'n positiewe bydrae tot die natuurgoedere moet maak. Derhalwe moet ons hom opvoed om die natuur en die geskapene lief te hê en te beskerm, sodat hy deur die verskaffing van die nodige kennis werklik die waardige heerser daaroor kan word.

In hierdie rol van heerser is dit ook noodsaaklik om die regte en pligte van ons medemens in 'n gemeenskaplike samelewing in ag te neem. Daarom is die sosiale vorming van die kind dan ook nodig want as afhanklike wesens is ons diensbaarheid teenoor mekaar verskuldig. En waar Adamson sy leerstof vir sosiale vorming uit die tradisionele verlede put, deur middel van die genoemde vakke, gaan hy van 'n gesonde standpunt uit. Vir die vorming van 'n beter wêreld, is en bly dit nodig dat ons beter mense moet vorm en deur die skool as grondslag vir die sosiale vorming te gebruik, begin hy myns insiens reg - met die plastiese en vatbare kind. En sy gedagte dat die opvoeding ook nie afsluit met die formele skooljare nie, is hier van besondere waarde. In die lewe is verdraagsaamheid, vriendelike omgang en sosiale bruikbaarheid nodige faktore vir 'n standvastige voortbestaan - selfs van nasies en volkere!

Adamson sien sy hoogste opvoedingsdoel in sedelike vorming. Ons mag die waarde van sedelike vorming nie onderskat nie, dog aangesien die mens as skeppingswese 'n lewende

en onsterflike siel het, sou ek graag sien dat hy meer klem lê op die religieuse vorming en ontwikkeling van die opvoedeling. Daarby voel ek ook dat selfs die filosofiese vorming en ontwikkeling van die mens meer op 'n Calvinistiese grondslag moet geskied.